
Die Here roep my ook
EKSODUS 3:1-4:17

Moses het die kleinvee van sy skoonpa Jetro, 'n priester
van Midian, opgepas. Hy het die kleinvee diep die
woestyn in gejaag totdat hy by Horeb, die berg van
God, gekom het. 2 Toe verskyn die Engel van die Here
aan hom in 'n vlam binne-in 'n doringbos. Terwyl hy kyk,
sien hy dat die doringbos aanhou brand, maar nie
uitbrand nie. 3 En Moses sê vir homself: "Ek wil tog 'n
bietjie nader gaan om hierdie wonderlike verskynsel te
bekyk. Waarom brand die doringbos dan nie uit nie?"

Eksodus 3:1-3

4Toe die Here sien dat hy nader kom om te kyk, roep
God na hom uit die doringbos: "Moses! Moses!"
En hy antwoord: "Hier is ek."
5Die Here sê toe vir hom: "Moenie nóg nader kom nie.
Trek uit jou skoene, want die plek waarop jy staan, is
gewyde grond." 6Verder sê Hy: "Ek is die God van jou
voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak,
die God van Jakob." Toe maak Moses sy gesig toe,
want hy was bang om na God te kyk.

Eksodus 3:1-6



## 1. Trek jou skoene uit

Die Here is <u>hier</u>.
Ek is <u>altyd</u> in sy teenwoordigheid.

8 Daarom het Ek afgekom om hulle uit die mag van
Egipte te bevry en om hulle daarvandaan te laat trek na
’n goeie en uitgestrekte land, ’n land wat oorloop van
melk en heuning. Dit is die land van die Kanaäniete,
Hetiete, Amoriete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete. 9 Die
noodkrete van die Israeliete het My bereik, en Ek het
ook aanskou hoe Egipte hulle verdruk. 10 Daarom stuur
Ek jou na die farao toe sodat jy my volk, die Israeliete,
uit Egipte kan bevry.”

Eksodus 3:8-10

14 Toe sê God vir Moses: "Ek is wat Ek is. Jy moet vir die
Israeliete sê: 'Ek is' het my na julle toe gestuur."
15 Verder sê God vir Moses: "Jy moet ook nog vir die
Israeliete sê: 'Die Here die God van julle voorvaders,
die God van Abraham, die God van Isak, die God van
Jakob, het my na julle toe gestuur.' Dit is ewig my Naam,
dit is die Naam waarmee Ek aangeroep moet word van
geslag tot geslag.

Eksodus 3:14-17

16 "Gaan roep nou die leiers van Israel bymekaar en sê
vir hulle: 'Die Here die God van julle voorvaders, die
God van Abraham, Isak en Jakob, het aan my verskyn
en gesê: Ek weet van julle en Ek weet ook wat julle
aangedoen word in Egipte. 17 Ek het besluit om julle te
laat wegtrek uit die ellende van Egipte na die land van
die Kanaäniete, Hetiete, Amoriete, Feresiete, Hewiete en
Jebusiete, na 'n land wat oorloop van melk en heuning.'

Eksodus 3:14-17



# 2. Die Here ROEP vir Moses

Om te vertel:

- Die Here gaan sy volk verlos
- Wie die Here is!


EK IS...
Die Here roep my ook
EKSODUS 3:1-4:17


Die Here roep my om die wêreld te vertel van sy verlossing en om vir die wêreld te wys Wie Hy is.
Die Here roep my ook
EKSODUS 3:1-4:17

11Toe sê Moses vir God: "Wie is ék dat ek dit by die
farao sou waag en dat ék die Israeliete uit Egipte sou
bevry?"

13Daarna sê Moses vir God: "Sê nou maar ek kom by
die Israeliete en ek sê vir hulle: 'Die God van julle
voorvaders het my na julle toe gestuur,' en hulle vra vir
my: 'Wat is sy Naam?' wat moet ek dan vir hulle sê?"

*Eksodus 3:11, 13*

1 Maar toe sê Moses: "Sê nou die Israeliete glo my nie
en hulle luister nie na my nie en hulle sê die Here het
nie aan my verskyn nie?"
10 Toe sê Moses vir die Here: "Ag, Here, ek kan nie goed
praat nie; ek kon nie vroeër nie en ek kan ook nie nou,
hier waar U met my praat nie. Ek praat swaar, en my
tong sukkel."
13 Maar Moses antwoord: "Asseblief tog, Here, stuur
liewer iemand anders."

Eksodus 4:1, 10, 13



# 3. Moses twyfel

- in homself en sy vermoë
- in die Here se bystand


3. Moses twyfel ten spyte van
• die brandende bos
• dat die Here met hom praat
• twee wonderwerke (en nog 1)
Die Here roep my ook
EKSODUS 3:1-4:17


Die Here roep my met my foute en al. Ek moet ophou twyfel: Die Here het vertroue in my en is altyd by my.
Die Here roep my ook
EKSODUS 3:1-4:17

12 "Ek sal by jou wees en die bewys dat Ek jou gestuur
het, sal dít wees: wanneer jy die volk uit Egipte bevry
het, sal julle My by hierdie berg aanbid."
11 "Wie het aan die mens 'n mond gegee? Wie maak
stom of doof of siende of blind? Is dit nie Ek, die Here,
nie? 12 Gaan nou, Ek sal jou help met die praat en jou
leer wat jy moet sê."
15 Ek sal by jou wees as jy praat en by hom as hy praat
en Ek sal julle leer wat om te doen.

Eksodus 3:12 4:11, 12 15



## 4. Nie Moses self nie

- die Here deur Moses
- "Ek sal by jou wees..."


Die Here roep my. Ek kan Hom Sonder twyfel antwoord. Dit is nie ek nie, maar God self wat sy Doel, deur my, bereik
Die Here roep my ook
EKSODUS 3:1-4:17


2 Toe vra die Here vir hom: "Wat het jy in jou hand?"
"'n Kierie," antwoord Moses.
Eksodus 4:2



# 5. "Wat het jy in jou hand?"

- die Here gebruik dit wat Moses "het" om groot dinge te doen!
- Hoe lyk jou "kierie"?


Die Here roep my. Hy gebruik dit wat ek het, dit wat Hy vir my gegee het, om groot dinge te doen.
Die Here roep my ook
EKSODUS 3:1-4:17


Die Here roep my ook
EKSODUS 3:1-4:17